# FAMILIENUUS

pelgrimstog deur die lewe
Outeniqualand
oorgee • omgee • aangee



5 Oktober 2025

## Wat jy hierdie week moet weet!

# erediens

## VANDAG

Ons nooi jou uit na Sondag se erediens om 09:30 in ons kerkgebou.

Kom drink heerlike koffie na afloop van die erediens in die kerksaal.

## DEUROFFER: RADIO KANSEL

Radio Kansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, interkerklike en interkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisie-programme, publikasies, elektro-niese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou.

Radio Kaapse Kansel kan op 729AM of op DSTV (882) geluister word asook op:

www.radiokansel.co.za
www.kaapsekansel.co.za
www.capepulpit.co.za

Laai die toep/app (CAPEPULPIT) af en luister op jou selfoon.

gospel@radiopulpit.co.za/
Mnr. Kosie Burger 082 784 5779

## VOLGENDE SONDAG

Jy word hartlik uitgenooi na die erediens 09:30 by die kerk te Sinksabrug. Die Vonkies hervat weer op die 19de. Daar is **GEEN KH-saal** erediens as gevolg van opgradering van geboue nie.

## DEUROFFER

Verlede Sondag het ons R2 061 ingesamel vir die Sinodale Jeugwerk. Volgende Sondag se deuroffer gaan vir die Gideons.

# oorgee

## GETROUHEID/ GEHOORSAAMHEID




Rekeningbesonderhede: NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nr: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/Bankkollekte ens.*

Snap here to pay
SnapScan

FNB
First National Bank



# 10de MAAND DANKBAARHEIDSOFFERS OKTOBER 2025

**Oktobermaand is om die draai en soos gebruiklik is dit dié tyd van die jaar wanneer ons gemeentelede die geleentheid kry om op ‘n spesiale manier, bo en behalwe ons maandelikse dankoffers, ons dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader te betoon vir al die goedheid, guns en genade, wat ons so onverdiend uit Sy hand ontvang. Ons het soveel om voor dankbaar te wees en ons staan soms maar net verstom oor hoe die Here hierdie gemeente seën en versorg, te midde van soveel ander gemeentes in ons onmiddellike omgewing en wyer, wat regtig sukkel om kop bo water te hou.**

**Dankbaarheidsoffers en die omvang daarvan, is ‘n saak tussen ons en ons Hemelse Vader. Dit sal egter wonderlik wees as elkeen van ons lidmate iets gee, maak nie saak hoeveel nie!**

**Gedurende Oktober sal die gebruiklike koeverte met die woorde ”My dankbaarheidsoffer” in die voorportaal van die kerk beskikbaar wees. Neem gerus daarvan om jou dankbaarheidsoffer in te plaas, indien dit jou voorkeur is. Tydens die Nagmaalsdiens op Sondag, 26 Oktober vanjaar, wanneer ons ook Hervormingsfees vier, sal jy die geleentheid kry om jou koevert in te gee. Sou dit nie op daardie dag moontlik wees nie, kan jy dit op enige ander Sondag, of by die kerkkantoor ingee. Talle mense verkies dit deesdae om sulke betalings elektronies te doen en julle is meer as welkom om hierdie metode van betaling te gebruik. Merk dit asseblief dan net baie duidelik as “10de Dankbaarheidsoffer”.**

**Ons wil graag elke Outeniqualander bedank vir die mooi gesindheid wat julle nog altyd teenoor hierdie belangrike saak openbaar het. Dit maak vanjaar so 9,2% van ons inkomstebegroting uit en ons vertrou dat die Here ook hierin sal voorsien.**

**Diensgroep vir Finansies**

## BYBELSTUDIES

**Daar is geen Bybelstudies in die vakansietyd nie.**

# omgee

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat in die week vanaf 5 tot 11 Okt verjaar:

**So 5**

Stoffel Bester
Karel Hancke
Rubina Hansen
Alta van Wyk




**Ma 6**

Elrine Barnard
Philip Groenewald

**Di 7**

Japie Beyers
Hettie de Bruyn

**Wo 8**

Flip Myburgh

**Do 9**

Elizna Robertson

**Vr 10**

Anja Schutte (8 jaar oud)

**Sa 11**


Maureen Botha

## ONS BID VIR...

1. Radiokansel: (Deuroffer) Bid vir hul programme (nuus, musiek, leefstyl, sake) gebaseer op die Woord van God. Bid vir Godgegewe resultate.
2. Ons identiteit in Christus – Bid oor wie jy is, waar jy behoort en dat jy saak maak.
3. Bid vir eenheid – in huwelike, gesinne, in ons land, ons gemeente en kerk. ("Verdeel en heers" is 'n bose strategie.)
4. Bid vir ons bejaardes - vir geloof midde die onbekende, die vrese van "minder word" en "minder maak" (afskaal).
5. Bid die Woord: "Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal ek julle dra". (Jesaja 46:4)

**DANKIE:**

- ✞ Vir baie individuele seën – gesondheid, 'n inkomste, sorg, liefde en geliefdes, talente en vaardighede, vrede en vriendskappe en bo alles, 'n Here wat ons liefhet.
- ✞ Vir rustye langs die pad, stil tye in 'n raserige, besige wêreld.




**GEBEDSUITDAGING VIR DIE WEEK:**

"Nege uit tien keer, is biddeloosheid die oorsaak dat mense wegdryf van God." (Charles Spurgeon)

**Kronies**

Annemarie Swart, Marion van Niekerk.

**Herstel**

Roelf v Schalkwyk, Hendrik Visser, Willie Wentzel, Megan Matthee, Blommetjie du Toit, Ivy Horn, Frank Robertson, Sissie Oosthuizen, Sollie Nortje.

**Kanker**

Debbie de Klerk, Tredoux Faasen en Henning Buitendagh.

## RAAK BETROKKE BY DIE GEBEDSBEDIENING

Raak deel van Outeniqualand se unieke whatsapp-gebedsgroep of gee gebedsversoeke deur sodat ons jou kan bystaan in gebed! Kontak asb. vir ds. Jan by 084 258 8646. As jy net eers wil weet hoe dit werk, kontak vir Merinda by die kerkkantoor (044-876 1058).
Ons stel twee Gebedsinisiatiewe van die gemeente bekend:

1. 'n Gebedskamer (ou moederskamer) agter in kerkgebou vir gebruik deur ons lidmate. Julle kan voor/tydens eredienste daar kom bid.
2. 'n Prentjiemooi gebedstuin wat by die KH-saal te Glentana gevestig is. Kom beleef God in die stilte van sy skepping!

## OMGEE VRIENDE

Ons het reeds vroeër die oogmerk agter die omgee-vriende gedeel. Dit gaan oor die uitkyk vir mekaar en die bou van verhoudinge. Hoe gaan dit werklik met ons bure, die ander mense in die straat en die kwesbare individue in ons omgewing, al is hulle lidmate of nie?

Hierdie "uitkyk" behoort die primêre vangnet te wees waar behoeftes geïdentifiseer kan word. In die aanspreek van die behoefte word verhoudings dan hopelik gebou.

'n Tweede vangnet is die beskikbaarstelling van 'n selfoon-nommer waar individue hul behoeftes aan ons kan deurgee, byvoorbeeld 'n doktersbesoek waarheen vervoer benodig word, 'n geleentheid na 'n apteek om medikasie af te haal of hulp met kruideniersaankope.

By ontvangs van 'n versoek, sal dit aan die lid van hierdie groep wat geografies die naaste aan die persoon woon wat hulp verlang, deurgegee word. Iets wat ons meen nogal belangrik is, is die anonimiteit van enige individu wat na ons uitreik. Ons is almal trots en vra moeilik hulp. Ons wil mét mense praat nie óór hulle nie.

**Die noodnommer is: 083 925 5701**




Chris en Carina Lamprecht

## ONS VERWELKOM NUWE LIDMATE....

Vanaf NGK Groot Brakrivier: Petro van der Ende (nee Kok).
Vanaf NGK De Vleie (Hoekwil) : Sandra Drummond (nee Elof)
'n Hartlike welkom aan Petro, Robert en Sandra in die Outeniqualand familie!

## KOMMUNIKASIE MET DIE SKOLE IN ONS AREA

Outeniqualand is baie betrokke by die skole in ons area. Om kommunikasie te verbeter, is daar 2 verteenwoordigers vir elke skool aangewys. Ons kort op hierdie stadium nog 2 verteenwoordigers vir Diepkloof Kleuterskool.

Die rol van die verteenwoordigers is om eerstens die personeel te bemoedig en tweedens om enige behoefte wat by die skole mag ontstaan onder die gemeenteleiers se aandag te bring.

Indien jy bereid is om te help kan jy vir Elna kontak by 082 552 7831 of jou naam by die kerkkantoor kom ingee.

## OMGEEWERKERS BY DEURE

Ons benodig omgeewerkers wat Sondae by die deure kan omgee vir lidmate wat ons eredienste besoek (jy word op ‘n maandelikse rooster ingedeel). Ons benodig vriendelike en gasvrye lidmate wat dit as hulle gawe sien. Skakel vir Maryna by 082 650 7613.

## KONFYT VIR ONS PELGRIMS

Ons wil graag die pelgrims wat hier by Outeniqualand aandoen op pad na Mosselbaai bederf met heerlike tuisgemaakte konfyt. As jy kan help, kan jy vir Annemarie kontak by 084 551 6282 of jy kan die konfyt by die kantoor aflewer.

## SOKKERDAG (SIX-A-SIDE) – 25 OKTOBER

Die Sokkerdag wat ons Diensgroep vir Getuienis vir ons landelike skole aanbied, skuif vanaf Saterdag 13 September na 25 Oktober 2025.

Kom sluit aan by die span van die Sokkerdag 2025!

**Dit is ‘n heerlike projek vir hele gesin om by betrokke te raak.** Die skole wat uitgenooi word is: Diepkloof Primêr, Hoogekraal Primêr, Laerskool Van Der Hoven, Friemersheim Primêr, Herold Primêr en nog ‘n paar skole van ons area.

Hier is die afdelings waar hulp benodig word:

- Terrein
- Apparaat
- Klank
- Noodhulp
- Pryse
- Trofee’s
- Medaljes
- Worsbrode
- Koeldranke
- Aankondigers
- Opening
- Skeidsregters
- Baanbeamptes
- Optog
- Skole
- Borge
- Aktiwiteite

As jy meer wil weet of betrokke wil raak by hierdie projek, kontak vir Charles by 082 402 9312.



# inligting

## WHATSAPP KOMMUNIKASIE

Indien jy die gemeente se kommunikasie via Whatsapp wil ontvang, stuur 'n Whatsapp boodskap na ds Jan se nommer(084 258 8646) met jou naam daarby. (Jy hoef nie jou lidmaatskap hiervoor aan te vra nie).

## MAGNEET LEGKAARTE

Daar is nog 'n paar magneet legkaarte oor (75 jarige feesvieringe). Dit is gratis uitgedeel tydens ons reeks oor Ontmoetings. Indien iemand dalk nie een gekry het nie, kan dit gratis by die kerkkantoor afgehaal word.

## SPOEGDOEKE

Christelle Prinsloo wil graag haar nuwe kleinkind se spoegdoeke omgehekel hê. As jy kan help kontak haar asb. by 083 234 9590.

## KALENDER 2026

2026 is om die draai! Mens kan dit skaars glo.

Daar gaan binnekort in alle erns begin beplan word aan die 2026 kalender. Gemeentelede kry vir 2026 weer die geleentheid om 'n bladsy in die kalender te borg @ R350 en 'n mooi teksvers of geestelike aanhaling, wat vir jou besonderse betekenis het, in daardie maand met die gemeente te deel.




Stuur 'n whatsapp na 082 3 45 456 of 'n epos aan ngouteniqua@gmail.com met: Jou naam/die maand wat jy verkies/ bewoording van die boodskap.

Besighede is ook welkom om 'n bladsy te borg.

Dankie - Januarie, September en Oktober 2026 is reeds geborg.

## OPGRADERING VAN DIE KOBUS HATTINGH-SAAL

Ons wil julle sommer net graag hiermee op hoogte bring met die vordering rakende die opgraderings by die Kobus Hattingh-saal ("KHS").

Daar is gedurende April vanjaar 'n kosteberaming ontvang van 'n Bourekenaar en soos reeds genoem, is daar toe tenders aangevra. Na deeglike oorweging, het die Diensgroep vir Vaste- en Roerende Bates ("VRB") besluit om van Nico Vos se dienste gebruik te maak vir die opgraderings en is André van Rooyen aangestel as projekbestuurder. André het reeds sy stempel op die projek begin afdruk met die deeglike en deursigtige manier waarop hy die projek aanpak en bestuur en ons het groot waardering daarvoor. André is tans besig om die kontraktuele aspekte in plek te sit en sodra dit afgehandel is, sal die opgraderings 'n aanvang neem.

Die VRB en André het met Nico vergader, om te bepaal waar die verskille tussen sy berekenings en die van die Bourekenaar is en daar

is sekere aanpassings gemaak. Die tenderbedrag is sodoende aangepas en gefinaliseer. Die gemeente beskik oor voldoende fondse om hierdie projek ten volle te finansier en die opgraderings gaan ongeveer 43% van die fondse wat tans op belegging is, benut. Dit gaan meebring dat die gemeente aanvanklik rente-inkomste inboet, maar sodra die KHS so is dat dit effektief verhuur kan word vir funksies, troues, ens., is ons van mening dat die huurinkomste die verlies aan rente tot ‘n groot mate kan goed maak. Die groot voordeel is egter dat die gemeente dan oor ‘n bate beskik wat vir die gemeente kan werk en ons vertrou dat dit op die medium- tot langtermyn ‘n gesonde inkomstestroom tot gevolg sal hê, wat die gemeente dan weer kan benut vir ander projekte.

Ons droom is steeds om met tyd al meer fondse te bewillig vir die “Omgee” en “Aangee” gedeelte van die gemeente se visie en ons glo dat hierdie bate ons ook daarmee gaan help.

Ons is baie opgewonde oor hierdie projek en vertrou dat ons teen Desember 2025 reeds ‘n voorsmakie van die verbeterde fasiliteite gaan hê, wanneer ons die gemeente en vakansiegangers verwelkom tydens ons Somerbasaar. Indien enigiemand belangstel in meer detail inligting, is julle meer as welkom om met Schalk Boshoff te skakel in hierdie verband.

Vriendelike groete.

Outeniqualand Kerkraad.

